

7 Januarie

**Skrifgedeelte: Genesis 2:15-25
Fokusgedeelte: Genesis 2:18**

Nie goed nie

God laat iets van sy wese sien as Hy die mens skep. Hy wil ons dit in Genesis 2 laat raaksien. In Genesis 1 hoor ons telkens na alles wat God geskep het ... goed, goed, goed ... ses keer en dan 'n laaste baie goed. En in Genesis 2 hoor ons skielik: Dit is nie goed ... nie (vs 18).

Hierdie “nie goed nie” beteken nie dat iets wat God geskape het, nie goed is nie. Nee, alles is baie goed geskape, maar God onderbreek vir 'n moment sy skeppingswerk, want Hy vestig ons aandag op wat Hy gaan doen. Hy gaan iets van sy wese lê in die huisgesin as samelewingsverband. Luister maar, dis nie goed dat die mens ALLEEN is nie. Hy plaas die mens in 'n verhouding van gemeenskap en eenheid: *Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke*. En uit hierdie verhouding van liefde laat Hy kinders gebore word om in die drie-eenheid van man, vrou en kinders saam te lewe.

Hoe verwonderd moet ons nie wees oor God se plan met die huisgesin nie. Sy “ons” as Drie-enige God word afgedruk in die huisgesin. 'n Huwelik dra in wese die skoonheid van God se “ons”-karakter en word gesien in die intimiteit, samesyn en liefde van 'n een-weesverhouding.

Die geheimenisvolle eenheid in die Drie-enige God word ook in die kerk afgedruk. Christus en sy liggaam is een en die dienste of ampte is gawes van Christus en word verkies met sy gemeente as instrument; en in die diens van Christus bedien hulle die eenheid in die gemeente. Daarom is daar 'n “soos” vir jou huwelik. Soos Christus sy kerk liefhet, só moet die man sy vrou liefhê soos sy eie liggaam; en soos die kerk aan Christus onderdanig is, só moet die vrou aan haar man onderdanig wees. Liefde is die band wat alles saambind tot volmaakte eenheid (Kol. 3:14).

Mag julle liefde vir mekaar julle huwelik 'n afdruk maak van die eenheid tussen Christus en sy kerk.

Sing: Psalm 128:2 (1936)

Ds. DJ Bakker (Boksburg)